**<u>7 Junie 2026</u>**

**<u>Eerste diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 8:1,3,4; Ps.8:7; Ps. 86:1,6; Ps. 33:1,7; Ps. 33:8,10.

**<u>Lees:</u>** Rut 1:1-6

**<u>Teks:</u>** Rut 1:6

**<u>Tema:</u> Die Here gee uitkoms  wanneer ons beproef word, want Hy heers soewerein**

***Die beproewende omstandighede***

Die Here het sy genade op ‘n besondere manier in die geskiedenis van Israel bekend gemaak. Hy het Moses geroep om hulle uit die Egiptiese slawehuis te verlos en aan hulle die beloofde land gegee. Deel van die belofte wat vir hulle vervul is, was dat die Here hulle sal versorg en dat Hy in sy genade reën en voedsel sal gee. Israel was ongehoorsaam en in Die Rigter tyd het hulle meer en meer gedoen wat hulle self wou. Hulle was nie gehoorsaam aan die Here nie. In hierdie tyd gaan ‘n spesifieke man en trek uit die beloofde land uit na Moab en vestig daar. Sy seuns trou met Moabitiese vroue, maar eindelik sterf Elimeleg en sy seuns. Te midde van die uitkoms wat hulle gesoek het, het hulle beproewing net toegeneem. Wanneer ons op ons eie vermoëns vertrou verdiep ons beproewings dikwels.

***Die genadige uitkoms.***

Die geskiedenis van Rut gaan egter nie net oor die pogings van mense nie, maar wys juis heen na die groot genade wat die Here aan sy kinders gee. Rut word eindelik die grootmoeder van koning Dawid wat die heenwys na die heerskappy van die Here deur die Messias. Nadat Naomie en haar twee skoondogters in hierdie diepte van beproewing verkeer hoor hulle dat die Here weer uitkoms in die beloofde land gegee het. Deur die Rigter tyd was dit ook telkens die patroon. Die Here laat sy kinders nie in die beproewing nie, maar gee die uitkoms op sy tyd. Die grootste uitkoms wat die Here gee is die verlossing uit ons ellende deur die Middelaars werk van Jesus Christus.

**<u>Aanddiens</u>**

**<u>Tweede diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 84:1,2; Ps. 19:1,4; Ps. 145:1,8,12.

**<u>Lees:</u>** Psalm 145; Son 47

**<u>Teks:</u>** Psalm 145:21

**<u>Tema:</u> Ons bid dat ons God so sal ken dat sy Naam in die ganse skepping geprys mag word.**

***Die kennis van God se Naam***

Om die Here reg te aanbid is dit belangrik dat ons die Here reg sal aanroep en sy Naam sal ken. Wanneer ons bid dat die Here se Naam geheilig moet word gaan dit daaroor dat ons sy naam reg sal ken. Die Here maak Homself aan sy kinders bekend sodat ons Hom nie sal aanroep en aanbid op die basis van wat ons van Hom dink nie, maar soos hy Homself aan ons openbaar. Dit is daarom baie belangrik dat ons erns sal maak met die openbaring  van die Here in die natuur en Skriftuur sodat ons Hom reg sal ken. Alleen dan kan ons Hom in gehoorsaamheid dien en verheerlik.

***Die eienskappe in God se Naam***

Die heerlikheid van God se naam bevestig die wesenseienskappe van die Here self. In die boek van die natuur kan ons sien hoe die almag, wysheid en goedheid van die Here sigbaar gemaak word. Die geslagte van die aarde sien dit en verkondig dit aan mekaar. Die wonders van die skepping getuig hoe goed en ondeurgrondelik die weë van die Here werklik is. die boek van die Skriftuur bevestig dit wat in die natuur duidelik word, maar openbaar ook die regverdigheid, waarheid en barmhartigheid van die Here soos hy dit in Christus aan ons bekend maak

***Die verheerliking van God se Naam***

In die eerste  bede gaan dit hoofsaaklik om die erkenning en eer van die Here se naam. Die bede is egter nie net ’n erkenning van wie die Here is nie, maar ons bid ook dat Hy deur sy Gees die geloof in ons harte sal vestig en werk. Ons bid dat die Here se naam om ons ontwil so deur ons verheerlik word dat sy eer in die hele skepping sal skitter. Wanneer die een geslag aan die ander vertel hoe heerlik en wonderbaarlik die Here se Naam en wese is sal sy heerlikheid in die hele skepping uitgedra word.